

Hoofstuk 8.Potchefstroom na afloop van die beleg.8.1. Toestande in die dorp.

Onmiddellik na die oorlog was Potchefstroom "a dead and alive" dorpie. Die beskadigde geboue, verlate woonhuise en sombere atmosfeer wat in Potchefstroom direk na die gevegte geheers het, het in skrille kontras gestaan met die rustige bestaan en vooruitgang wat die dorp voor die beleg gevoer het. Hoewel dorpenaars na die vertrek van Winsloe kon terugkeer na hulle daaglikse roetine wat hulle voor die beleg gevolg het, het kanon- en koeëlmerke aan verskeie winkels, hotelle en banke hulle herinner aan die stryd wat daar gevoer is. Dit was veral die geboue wat aan Kerk- en Markplein geleë was, en wat te midde van die stryd gestaan het, wat die ergste beskadig was. As een van die vooruitstrewendste handelsentrums in Transvaal het Potchefstroom gewis op die korttermyn baie verloor as gevolg van die Oorlog. Waar die dorp voor die aanvang van gevegte gekenmerk was aan 'n bedrywige handelslewe, het daar direk na die beleg min handelstranksies plaasgevind (sien p.119).

Na die beeindiging van vyandelikhede het die werking van die krygshof en krygswet tot 'n einde gekom en het die ordening van die dorp se administratiewe sake in die hande van J.M. Kock, wat Goetz as landdros vervang het, oorgegaan. Hy is deur die Republikeinse regering aangestel en was in

sy taak bygestaan deur 'n administratiewe klerk, C.M. Douthwaite (E.H. Jenkins, 1939, p.277). Dit was die nuwe landdros en sy klerk se taak om die administratiewe sake van die dorp te beheer en wet en orde te handhaaf.

8.2. Kommissie van ondersoek.

Die inwoners van Potchefstroom was nie in alle opsigte op hulself toegewys om die finansiële posisie van die dorp en sy inwoners te verbeter nie. Op 6 April 1881 het die Republikeinse regering bekend gemaak dat 'n finansiële sub-kommissie benoem is wat finansiële toestande in Potchefstroom en distrik sou ondersoek. Die kommissie se hooftaak was om vas te stel hoeveel skade en verliese inwoners tydens die verloop van die beleg opgedoen het. Die volgende dorpenaars is as lede van die kommissie aangewys: Mnre. J.J. Hoffman, J.M. Kock, J.H. Roselt, P.F. Pretorius, C.G.G. Rocher en G.H. Buskes. Laasgenoemde is as sekretaris aangewys en alle eise aangaande skadevergoeding deur inwoners moes aan hom gerig word, waarna deeglike aandag aan elke persoon se eis gegee sou word (Kennisgewing aan inwoners, Buitengewone Staatscourant, 6.4.1881, p.51).

8.3. Voorkoms van die dorp.

8.3.1. Woonhuise.

Tydens en onmiddellik na die beleg het verskeie woonhuise leeg en verwaarloos in die dorp gestaan. Verskeie gesinne

het die dorp verlaat en uitgewyk na die Vrystaat of diamantvelde om Kimberley (sien p.88). Ander het weer verkies om noord- en suidwaarts te trek op soek na 'n nuwe tuiste. Teen Mei 1881 was daar nog sowat 50 families afwesig van die dorp (Forssman-Versameling, 5, Mei 1882). Hoewel verskeie huise gedurende die gevegte deur kanon- en geweervuur beskadig was, het soos reeds vermeld slegs die pastorie van Jooste tot op die grond afgebrand (sien p.96). Van die inwoners wat dit sien gebeur het, het geen moeite gedoen om meubels of enige ander artikels uit die vlamme te red nie aangesien hulle Jooste as 'n verraaier beskou het (Weilbach en Du Plessis, 1882, p.182). Dus is daar geen noemenswaardige skade aan burgerlike woonhuise gedurende die gevegte, aangerig nie.

'n Verdere effek van die oorlog was dat eiendomme se waarde as gevolg van swak ekonomiese toestande en onbewoonbaarheid, aansienlik gedaal het (Matthews, 1887, p.434).

8.3.2. Besigheidspersele.

Die besighede wat die ergste beskadig was, was dié wat tydens gevegte om die landdroskantoor, deur pro-Britse vrywilligers beset was. Die Algemene Boerewinkel op die suidwestelike hoek van Wolmarans- en Greylingstraat het kwaai onder die geweervuur deurgeloop en die buitemure het verskeie koeëlmmerke gehad terwyl vensters stukkend op die vloer gelê het. Boere het beslag gelê op die winkel se voorraad. Die winkel van C. Rocher, waaragter die burgers geskuil het

tydens gevegte rondom die landdroskantoor, het ook onder geweervuur deurgeloop maar was nie so erg beskadig as in die geval van die Algemene Boerewinkel nie.

8.3.3. Landdroskantoor.

Die gebou wat naas Jooste se huis die ergste beskadig was tydens gevegte, was die landdroskantoor. Die eerste drie dae van gevegte het om dié kantoor gewoed en onder hewige geweervuur van die Boere deurgeloop. Die grasdak was aan die eenkant swart gebrand nadat die Boere daarin geslaag het om die dak met brandende lapballe aan die brand te steek. Die drie deure en buitemure van die gebou was vol skietgate en dit was juis 'n koeël wat deur een van die deure getrek het, wat kaptein Falls op die eerste dag van vyandelikhede noodlottig verwond het (Rundle, 1882, p.11). Vensters en selfs vensterrame was stukkend geskiet en glas het die hele kantoor volgelê. Die binnekant van die landdroskantoor was in 'n wanordelike toestand gelaat. Dokumente, possakke wat diens moes doen as sandsakke en meubels het verspreid oor die vloer gelê. Tekens van 'n put, wat inderhaas deur die troepe gegrawe is, was agter die kantoor sigbaar (Carter, 1896, p.407). Landdros Kock was verplig om behuising in 'n ander gebou te soek vanwaar hy die dorpsadministrasie voorlopig kon beheer (Haasbroek, 1955, p.148).

8.3.4. Hotelle.

Alhoewel die Criterion en Royal Hotel nie deur geweervuur beskadig is nie, het hulle groot verliese op finansiële gebied gely. Gedurende die beleg het geen besigheid plaasgevind nie en beide eienaars het die burgers van plundering van hulle voorrade beskuldig (Diary of events, p.13).

8.3.5. Banke.

Die Kaapse Handelsbank, wat sy deure tydens die beleg gesluit het omdat personeel geweier het om diens te lewer, was vol koeëlmerke gewees. Op die eerste dag van gevegte het die Boere dié bank as skansmuur gebruik teen die Engelse vuur vanuit die landdroskantoor. Vensters was stukkend geskiet en het in teenstelling met 'n paar maande vantevore verwaarloos daaruitgesien. Die Standard Bank was aan die anderkant gedurende die beleg elke dag oop en het die beskerming van die burgers geniet. Al skade wat dit tydens die beleg gely het was die £240 wat deur die Boere opgekommandeer was. Op 30 Maart 1881 het 'n kennissgewing in die Staatskoerant verskyn waarin aangekondig is dat die bank van die bepaalde datum daagliks vanaf 10h00, uitgesluit Sondae, diens sou lewer (Algemene Kennisgewing, Buitengewone Staatscourant 30.3.1881, p.30).

8.4. Ekonomiese bedrywighede.

Die ekonomiese bedrywighede van Potchefstroom het die swaarste

gebuk gegaan onder die beleg. Na afloop van vyandelikhede was slegs sowat een-tiende van die dorp se besighede oop gewees (Carter, 1896, p.400). As gevolg van die oorlog was daar n groot geldskaarste en verskeie besigheidslui was genoodsaak om hulle besighede te sluit. Handelsbedrywighede was ook nadelig getref deur die verhuisning van inwoners na ander gebiede en min handelaars was in die posisie om krediet te lewer.

Verskeie handelaars het tydens die oorlog hulle voorraad deur plundering of deur n bevel van Cronjé, dat sekere artikels opgekommandeer moes word, verloor. Volgens n pro-Britse inwoner is die winkels van Schikkerling, Pitt, Scorgie and Co, Hollins en Holder deur die burgers geplunder, soms onder die voorwendsel om komberse vir die burgers te kry en soms sonder enige verskoning. Groot hoeveelhede koffie, klere, skoene, komberse en sale is uit winkels verwyder sonder om daarvoor te betaal (Diary of events pp.13 - 14).

Kavalier Forssman wat n leidende rol in Potchefstroom se handel gespeel het, het die grootste verliese tydens die beleg gely. Op die vooraand van vyandelikhede het Forssman en sy gesin skuiling in die fort gaan soek en sy woning en besigheid onbeskermend agtergelaat. Sy woonhuis wat uit etlike kamers bestaan het, asook sy aangrensende besigheid is tydens die beleg deur die Boere as tronk ingerig en krygsgevangenis is daar aangehou (Weilbach en Du Plessis, 1882, p.157). Na die oorgawe van die fort het Forssman na

wy woning teruggekeer en die Boere daarvan beskuldig dat hulle sy huis en besigheid beskadig, belangrike dokumente, handelsrapporte en geld geneem het. Hy het sy totale verlies op ongeveer £210 000 geraam. In 'n verslag oor sy verliese het Forssman sy verliese as volg uiteengesit:

1. Voorrade en geld uit die winkel geneem.	£ 66 000
2. Beskadiging aan woonhuis.	£ 8 000
3. Verlies aan sy ander geboue in die dorp.	£ 14 000
4. Meubelverliese.	£ 2 000
5. Dokumente en Boeke wat verniel is.	£ 10 000
6. Gesteelde klere en juweliersware.	£ 1 200
7. Sy plase wat buite die dorp geleë was en waarop beslag gelê was.	£111 000
(Rosenthal, 1963, p.65).	

Onder die besighede wat na die oorlog nog in bedryf was in die dorp was dié van F.W. Reid, De Algemene Boerewinkel, Glen A. Scorgie, G. Rocher en die Nasionale Boerewinkel. Reid wat reeds sedert 1850 'n handelaar in Potchefstroom was het soos voor die beleg nogsteeds 'n belangrike handelsposisie ingeneem. Reid was maar een van die handelaars wat bevestig het dat besigheid in die dorp dood was, maar hy het die hoop uitgespreek dat dit in die toekoms sou verbeter (Matthews, 1887, p.434). Die feit dat geen nuwe bankinstansies na die beleg sy deure in Potchefstroom geopen het nie, het tot 'n mate Reid se hoop beskaam.

Wat markbedrywighede betref het dit in die tydperk na die oorlog maar wankelrig gegaan. Die mark was daagliks, uitgesonder Sondae, in die oggend oop en H. Kleuver was die markmeester gewees. Handel het hoofsaaklik gewentel om die verkoop van voer, hout, velle, graan en tabak terwyl min groente beskikbaar was en 'n halwe sakkie aartappels as 'n luuksheid beskou was. Geen semi-tropiese vrugte was bekombaar nie terwyl plaaslike vrugte ook skaars was (E.H. Jenkins, 1939, p.277). Die eens bedrywige Markplein het min bedrywigheid getoon en daar was 'n groot aanvraag na varsprodukte. 'n Rede hiervoor was dat boere wat aan die beleg deelgeneem het, eers weer op hulle plase gevestig moes raak en markprodukte produseer, voordat daar weer enige lewe op die plein sou kom. Reisende handelaars was ook nog na aanleiding van die gebeure in Potchefstroom versigtig om die dorp aan te doen met wavragte produkte. Hierdie aspek van die handel het egter gouer herstel en binne etlike dae het vragte varsprodukte weer hulle verskyning op 'n bedrywige Markplein gemaak.

8.5. Sosiale toestande.

8.5.1. Poswese.

Die poskantoor is in die hande van Izaak van Alphen, 'n hardwerkende en doeltreffende amptenaar geplaas. Onder sy bekwame leiding het die poskantoor voortgegaan met sy normale bedrywighede soos dit voor die beleg was. Pos na die noorde en suide was eenkeer per maand afgehaal en afgelewer terwyl

die twee-weeklikse posdiens tussen Heidelberg en Kroonstad oor Potchefstroom reeds sedert Januarie weer normaal gefunksioneer het (sien p.111).

8.5.2. Perswese.

Na afloop van die oorlog het Borrius sy gewone bedryf hervat en 'n nuwe koerant De Potchefstromer laat verskyn in die plek van die ou De Transvaal wat op die voorraad van vyandelikhede opgehou druk is. Die nuwe blad het die dorpenaars opnuut op hoogte gehou van ekonomiese en sosiale gebeure in en rondom Potchefstroom (Kruger, 1942, p.15).

8.5.3. Godsdiens.

Hoewel die Nederduits Gereformeerde- en Nederduits Hervormde Kerk geen skade tydens gevegte gely het nie, is beide se pastories deur kanon- en geweervuur beskadig. Die Gereformeerde pastorie het tot op die grond afgebrand terwyl die Hervormde pastorie minder ernstig, maar met verskeie koeëlsmerke daaruitgesien het na die beleg. Die Wesleyaanse kerkgebou wat skuins oorkant Forssman se woning en besigheid in Kerkstraat gestaan het, was gedurende die beleg as hospitaal ingerig maar het na afloop van vyandelikhede sy normale godsdiensbeoefening voortgesit. Dienste het weer normaal op Sondaë plaasgevind sonder die geluide van kanon- en geweervuur buite die dorp.

8.5.4. Onderwys.

Op die gebied van die onderwys het n kommissie van ondersoek reeds in Januarie 1881 besluit dat dit onraadsaam sou wees om die "Jooste's Ladies Seminary" wat voor die aanvang van vyandelikhede gesluit het, te heropen. Geen rede word vir die stap gegee nie, maar n mens kan aanneem dat skoolgetalle die heropening van die skool nie geregverdig het nie (Coetzee, 1939, p.188). Die vertrek van verskeie gesinne uit Potchefstroom het gewis n nadelige invloed op die getal skoolleerlinge gehad deurdat verskeie kinders deur die verhuisning uit hulle bepaalde skool onttrek is.

Die skooltjie onder leiding van Forbes het na Maart 1881 nog voortbestaan en die leerlinge het gewissel tussen 30 en 40 per maand. Benewens Forbes se skooltjie was daar ook nog die Distrikskool wat vir die eerste maand van die beleg gesluit was, maar wat sy deure weer op 16 Januarie 1881 heropen het. Die skool het onder toesig van meneer Louis gestaan en het ongeveer 50 leerlinge onderrig. Louis was aanvanklik die enigste onderwyser maar het in die loop van die jaar hulp verkry in die persoon van mejuffrou Kan wat as onderwyseres by die skool aangestel is (Coetzee, 1939, p.189). Uit gegewens blyk dit dat die onderwys van Potchefstroom na die beleg op n redelik gesonde basis berus het.

8.6. Stelselmatige herstel.

Die herstel en gelyktydige vernuwing wat na die beleg in

Potchefstroom plaasgevind het, is betekenisvol. Soos van ou foto's en beskrywings van Potchefstroom uit daardie dae afgelei kan word, is sinkplaat toenemend as oordekingsmateriaal gebruik in die herstelproses van geboue na die oorlog. Die landdrosgebou was een van die eerste geboue om op hierdie wyse herstel te word. 'n Sinkdak is bo-oor die halfgebrande grasdak aangebring en 'n hout- en sinkveranda is vooraan die gebou opgerig (Kuijers, 1980, p.165).

Na die herstel van die Suid-Afrikaanse Regering in Augustus 1881, het Potchefstroom gestadig weer vooruitgang beleef. Veral was daar 'n tydperk van bloei na die ontdekking van goud in die tagtiger jare op die Witwatersrand. Etlike inwoners het geld in die nuwe goudvelde belê en finansiële voordele daaruit getrek. Goud het 'n groter geldomloop tot gevolg gehad wat koopkrag aansienlik vergroot het. Potchefstroom het voordeel getrek uit die ekonomiese bloei wat goud teweegbring het. Die prys van eiendomme het weer duurder geword terwyl daar begin is met die oprigting van nuwe geboue en winkels. Die goudkoers was ook in die Potchefstroom distrik baie hoog gewees en in 1882 is die Potchefstroomse Exploration Syndicate, bestaande uit R.R. Hollins, C.M. Douthwaite, A. Smith, F. Minnaar en J.G. Bantjes gestig om die nuutgevonde goud op die plaas Kromdraai te ontgin (E.H. Jenkins, 1939, p.290).

In 1882 is uit Potchefstroom berig dat daar 'n gedurige verkeer van waens deur die dorp beweeg het wat steenkool na die diamantvelde in Griekwaland-Wes vervoer het. Negentien

wavragte het daagliks op hulle pad diamantvelde toe Potchefstroom aangedoen (De Volkstem, 29 Maart 1882).

Teen die middel van 1882 is Potchefstroom gekenmerk deur vooruitgang en n bedrywige besigheidsomset. Die onstabiele toestande wat in die dorp tydens die Eerste Vryheidsoorlog en vir n paar maande daarna geheers het, was iets van die verlede en Potchefstroom was vinnig op pad om weer sy posisie as een van die belangrikste handelsentrumms in die Suid-Afrikaanse Republiek, in te neem.